# Wie is jy?

29 Junie 2014

## **Inleiding**

Ons sit in n baie groter krisis as wat ons dink. Die dag toe ons besef het wat ons identiteit is, dat ons JisraEl is, het ons gejuig, gedink ons het ge-arriveer, MAAR, ons het nie besef dat dit net die begin was nie. Wie is ons?

Ek moet keer om nie stukkies in te voeg nie, al wil ek, want ek gaan dit wat Vader aan my openbaar het, of moet ek sê: waarvoor Hy my oë oop gemaak het, probeer verduidelik onder verskillende hoofies.

Laat ons sommer met die deur in die huis val. Hoeveel seuns het Jakob gehad? _____ Nee, nie twaalf nie, maar elf. U sien, Benjamin is die seun van JisraEl, nie Jakob nie. Netso is Ismael die seun van Abram, maar Isak is die seun van Abraham. Die gevolg hiervan is dat die fisiese persoon, twee eersgeborenes gehad het, dus, Benjamin is die eersgeborene van JisraEl.

## **Verbonde.**

As u nou gaan ondersoek instel, sal u die volgende vind:

Abraham het die 1ste (u sal nou sien hoekom ek dit die 1ste noem) Verbond ontvang. Onder hierdie Verbond is gebore: Isak (los Ketura uit), Jakob (los Esau uit). Toe ontvang Isak die 2de Verbond. Hierna word Ruben, Simeon, Levi, Juwdah, Dan, Naftali, Gad, Aser, Isaskar, Sebulon en Jowsef gebore, dus onder twee Verbonde. Jakob keer terug na Isak. By die Jabok ontvang hy die 3de Verbond. Hierna word Benjamin (eersgeborene) gebore, onder drie Verbonde. Sien u die uitverkorenheid? Sien u wat in Deut 33:12 staan? [Deuteronómium 33:12 Van Benjamin het hy gesê: **Die beminde van JaHWeH** - hy sal veilig by Hom woon; Hy beskerm hom die hele dag en woon in Sy vergadering.] Die uitverkorenheid neem n sprong.

Hierdie stukkie hoort eintlik die laaste paragraaf te wees, maar dit pas by die vorige paragraaf, daarom plaas ek dit hier. Duisende jare later en baie geslagte verder, kom ons in 1838 by Wasbank-Bloedrivier. En Vader sluit die 4de Verbond (die enigste van sy soort in die hele wêreld se geskiedenis (ge-sewe)). Met wie? __________. En hier word die BoerVolk gebore (100+64 “vanne” is die verteenwoordigers in die laer) Om hierdie Verborgenheid te voltooi (5), AS U DIT VERSTAAN, is dit noodsaaklik dat u persoonlik met Vader Jahweh, n persoonlike Verbond sluit, die 5de Verbond. Onthou net, u kan nie n nuwe Verbond sluit, as u nie al die ou Verbonde “besit” en onderhou nie.

**Kan Dan Naftali se Seën ontvang?**

Kom ons kyk na die seëninge wat Jakob/JisraEl oor n paar van sy kinders uitspreek in Gen 49.

Génesis 49:16-18 [16] **Dan** regeer sy volk soos 'n septer van JisraEl. [17] **Dan** word 'n slang/nagash op die pad, 'n horingadder in die pad, wat die perd aan die hakskene byt, sodat sy ruiter agteroorval. [18] Op U Verlossing wag ek, JaHWeH!

Génesis 49:21 [21] **Náftali** is soos 'n wildsbok so vry, hy wat mooi woorde laat hoor.

Génesis 49:8-12 [8] **JeHûWdah**, jy is dit! Jou sal jou broers loof. Jou hand sal op die nek van jou vyande wees; voor jou sal die seuns van jou vader hulle neerbuig. [9] JeHûWdah ……. [12] Hy het Oë wat meer skitter as wyn en witter van tande as melk.

Génesis 49:27 [27] **Benjamin** is 'n wolf wat verskeur; in die môre eet hy sy prooi, en in die aand deel hy buit uit.

Kom ons kyk wat word gesê in:

Deuteronómium 33:1 EN dit is die seën waarmee **Moshè**, die man van die Elohim, die אֶת־kinders van JisraEl geseën het voor die aangesig van sy dood.

Deuteronómium 33:22 [22] En van **Dan** het hy gesê: **Dan** is 'n jong leeu wat uit Basan uitspring.

Deuteronómium 33:23 [23] En van **Náftali** het hy gesê: **Náftali**, versadig van vreugde en vol van die seën van JaHWeH - neem jy see en Suidland in besit!

Deuteronómium 33:7 [7] En dit vir **JeHûWdah**, en hy het gesê: Hoor, JaHWeH, die stem van **JeHûWdah**, en bring hom na sy volk toe; met sy hande het hy geveg vir hulle, en wees U [vir hom] 'n hulp teenoor sy teëstanders.

Deuteronómium 33:12 [12] Van **Benjamin** het hy gesê: Die beminde van JaHWeH - hy sal veilig by Hom woon; Hy beskerm hom die hele dag en woon in Sy vergadering.

Ek glo dit is vir u duidelik, dat as u sê u is **Juwdah**, terwyl u **Dan** is, dan sal u tevergeefs op u Seëninge wag, want u gaan die verkeerde Seëning verwag. Kan u sien waarom vra ek: Wie is ons? Alleen as u weet wie u is m.a.w. uit watter stam is u? sal u weet wat u Seëning is? wát om voor uit te kyk? En onthou die reël, u kan nie die 5de Verbond sluit as u nie reeds die 4de Verbond onderhou nie. En hierdie voorreg om die 5de Verbond te sluit, behoort uitsluitlik aan hulle wat die 4de Verbond ontvang het.

**<u>Die 12de (brok) stuk. 1 Kon 11:30</u>**

Ek vra graag dat u 1 Kon 11 en 12 sal oplees, om die aangehaalde verse in perspektief te kan stel.

1 Konings 11:30-32 [30] Toe gryp AgiJaH die nuwe mantel wat hy aangehad het, en skeur haar in **twaalf stukke**, [31] en hy sê vir Jeróbeam: Neem vir jou **tien stukke**, want so spreek JaHWeH, die Elohey van JisraEl: Kyk, Ek gaan die koninkryk uit die hand van Salomo afskeur en aan jou die **tien stamme** gee; [32] maar die **een stam** sal syne wees ter wille van My kneg Dawid **en** ter wille van Jerusalem, die Stad wat Ek verkies het; haar uit **al** die stamme van JisraEl -
1 Konings 11:35-36 [35] Maar uit die hand van sy seun sal Ek die koningskap neem en haar aan jou gee, die **tien stamme**; [36] en aan sy seun sal Ek **een stam** gee,
1 Konings 12:20 niemand het die huis van Dawid gevolg nie, behalwe **die stam van JeHûWdah <u>alleen</u>.**
1 Konings 12:21 [21] En toe Rehábeam in Jerusalem kom, het hy die hele **huis van JeHûWdah** <u>en</u> die **stam van Benjamin**,

Vrae:
Hoeveel stukke was daar?
Hoeveel stamme vorm die noordelike huis?
Hoeveel stamme is daar in die "huis van Juwdah"?
Wat het van die 12de stuk geword?

Kan u sien dat daar drie huise is? **Juwdah** is n huis op sy eie. Die **tien stamme** word ook na verwys as die huis van Jisrael. Maar **die eintlike** (**verborge** –want hy is by sy Vader) huis van JisraEl is die stam van **Benjamin**. U moet dus mooi in die Skrif onderskei, as daar van :"JisraEl" gepraat word, is dit die 10 (verworpe) stamme, of is dit Benjamin. Ek sal later verse aanhaal waarin u die onderskeid sal sien, as u dit nie reeds sien nie.

**<u>Waar is die bewys dat Benjamin deel is van die huis van Juwdah?</u>**

Nou wil ek u vra, want ek is regtig onkundig, maar ek kry geen bewys in die Skrif dat Benjamin deel is van die huis van Juwdah nie, daar is wel bewys dat hulle dikwels saamwerk (hulle grondgebied is aangrensend). Kyk asb weer na 1 Kon 11:21 hierbo. As Benjamin deel was van die huis van Juwdah, sou Benjamin nie apart genoem gewees het nie.

**<u>Wie is JisraEl? Wanneer is Egipte Egipte en JisraEl JisraEl?</u>**

As ons kyk na TsefánJaH, dan sal ons saamstem dat dit gaan oor suidelike Afrika. As ons nou in Jes 18 en 19 gaan kyk, sal ons sien dat Egipte vervang kan word met Afrika en sy verbuigings. Hierdie "naams veranderings" vind ons redelik wyd in die profesieë, dikwels baie subtiel en moeilik om raak te sien. Kyk bv. na: JesaJaH 19:24-25 [24] In dié

dag sal JisraEl die derde wees naas Egipte (Afrika) en Assirië, 'n seën in die midde van die Aarde, [25] omdat JaHWeH van die skeppings-leërmagte hom geseën het, met die woorde: Geseënd is My volk in ~~Egipte~~ Afrika en My maaksel in Assirië en My Erfdeel JisraEl! Hier word duidelik na drie groepe verwys, maar ons is geleer dat daar net twee groepe (N-stamme: Jisrael en S-stamme Juwdah) is. Nou moet ons baie mooi kyk, (Kyk eers gou weer na : Die 12de stuk, hierbo). Hier is Jisrael 10 stukke, Assirië=Juwdah 1 stuk en Afrika is die verlore(verborge) stuk. Ek gaan nie alles vir u uitspel nie, ek wil graag hê u moet dit self raaksien. Onthou my vraag: Wie is jy?

Onthou ook die era waarin die profesie lê, bv Jesaja(762-680 vM). My teiken in hierdie werkstuk is spesifiek JisraEl, so ons moet nou kyk: wanneer is JisraEl JisraEl. Ek gaan gebruik maak van die volgende skryfwyse: JisraEl$_{10}$, dit beteken JisraEl is hier 10 stamme. Terloops, ek hoop u weet en kan insien; dat die BoerVolk die enigste blanke nasie in die Suidelike halfrond is (bv Australië het gekies om deel te bly van Engeland). Dus word: JesaJaH 19:24-25 nou: [24] In dié dag sal JisraEl$_{10}$ die derde wees naas Egipte Afrika$_{1}$ en Assirië$_{1}$, 'n seën in die midde van die Aarde, [25] omdat JaHWeH van die skeppings-leërmagte hom geseën het, met die woorde: Geseënd is My volk in ~~Egipte~~ Afrika$_{1}$ en My maaksel in Assirië$_{1}$ en My Erfdeel JisraEl$_{10s}$! Ons het dus drie Huise wat ons moet begin onderskei en die een wat vir ons “moeilikheid” gee is JisraEl, want daar is ook n Verborge JisraEl$_{1}$ wat ons moet onderskei van JisraEl$_{10}$.

Laat ek dit reguit stel: JisraEl$_{1}$ is Benjamin. Kom ons kyk of ons genoeg Getuienis daarvoor het. (Terloops, Assirië$_{1}$ is Juwdah binne-in Duitsland.)

TsefánJaH 3:14 [14] Sing met Blydskap, o Dogter van Sion, skreeu, o JisraEl, verheug jou!, en verhef [lof/sang] uit die hele hart, o Dogter van Jerusalem! Jerusalem is Benjamin se stad (JeHôWshua 18:28), ook is ‘Dogter van Jerusalem’ JisraEl$_{1}$

JirmeJaH 10:16 [16] Jakob se deel is nie soos hulle nie; want Hy is die Formeerder van alles, en JisraEl is die Septer van Sy erfenis; JaHWeH van die skeppings-leërmag is Sy Naam. Lees dit in konteks. **Jakob**$_{11}$ het 11 seuns gehad en **JisraEl**$_{1}$ net een: **Benjamin**. Onthou ook dat JiremJaH was n Benjaminietiese Leviet en profeet vir Juwdah en Benjamin in die eindtyd. Onthou ook dat JisraEl$_{10}$ was in sy tyd reeds ongeveer n 100j in ballingskap, het n skeibrief gehad en het vir alle prakriese doeleindes nie meer in Kanaän bestaan nie.

JirmeJaH 11:2-10 [2] Hoor julle die woorde van hierdie Verbond, en spreek met die manne van JeHûWdah **en** met die inwoners van Jerusalem ….. [6] En JaHWeH het vir my gesê: Roep al hierdie woorde uit in die stede van JeHûWdah **en** op die strate van Jerusalem. Luister na die woorde van hierdie Verbond en doen haar. ….. [9] Verder het JaHWeH vir My gesê: Daar is 'n sameswering ontdek onder die manne van JeHûWdah **en** onder die inwoners van Jerusalem: [10] Hulle het teruggekeer na die ongeregtigheid

van hulle voorvaders wat geweier het om na My woorde te luister, en agter gode van andere aan geloop om dié te dien. Die huis van JisraEl **en** die huis van JeHûWdah het My Verbond verbreek wat Ek met hulle vaders gesluit het. 4x Word $Jisrael_1$/Jerusalem afsonderlik genoem van Juwdah, hulle is dus nie deel van Juwdah nie EN hier word hulle ook "**Huis van JisraEl**" genoem. Kom ons kyk verder.

JirmeJaH 13:11 [11] Want soos die gord kleef aan die heupe van 'n man, so het Ek die hele huis van JisraEl en die hele huis van JeHûWdah aan My laat klewe, spreek JaHWeH, om vir My te wees 'n volk en 'n roem en 'n lof en 'n sieraad; maar hulle het nie geluister nie.

Barug 3:37 [37] Hy het die hele Weg van die Wysheid ontdek, en Hy het Haar meegedeel aan Sy dienskneg $Jakob_{11}$ **en** aan $JisraEl_1$, wat Hy liefhet.

Barug 4:2-4 [2] Bekeer jou, $Jakob_{11}$, en aanvaar Haar(Towrah); wandel in die Glans van Haar Lig. [3] Moenie jou Glansrykheid aan 'n verbasterde gee nie; en moenie Haar wat vir jou voordelig is, aan 'n ander nasie gee nie.(sending) [4] Welgeseënd is ons, $JisraEl_1$, dat die dinge wat aan JaHWeH welgevallig is, aan ons bekend is.

Kan ons dit duideliker kry as n Barug? As u dit nog nie kan raaksien nie…….

**<u>Die 5 Verbonde.</u>**

Ek hou die opskrif in, omdat ek wil vra dat u weer heelbo sal gaan kyk na die Verbonde. Mag Vader Jahweh gee dat u hierdie besondere uitverkorenheid van u Volk kan raaksien.

**<u>Jes 19, die begin.</u>**

Ek het reeds Jes 19:24-25 hierbo behandel, maar ook die opskrif behou ek, omdat hierdie verse die punt was waar Vader aan my openbaar het dat daar **drie Huise** is. Die Genade daarin dat die **3de Huis Verborge** was tot nou toe, is bo-menslik groot, miskien kan u nou verstaan waarom satan die hele wêreld teen die Apartheidsvolk opgehits het, want as hy hierdie een Verborge stam kan/kon uitwis, verval die hele Skrif en oorwin hy die Almagtige. Maar hy het ons El onderskat, want Hy laat nie sy oogappel wegneem nie. BoerVolk, jy is die mees Geseënde Volk op aarde! Vader, laat hierdie Volk verstaan asseblief!!!

**<u>Wat is Benjamin se Seën?</u>**

Verwag u steeds Juwdah se Seën oor u? as u Juwdah is ja, maar as u Benjamin is, doen die moeite om ons Seëninge na te speur, want dit staan regdeur die Skrif versprei, maar u sal dit slegs vind as u $JisraEl_{10}$ kan onderskei van $JisraEl_1$/Jerusalem.

Ons ander elf Broers -speur jou stam na-, jou Seëninge wag op jou en Oom Siener se wit tente tot in die Kalahari ook, welkom op Boere grond. Saam is ons Sy Volk.

**Totdat die 12 Stamme weer een Huis is.**

Ons weet, daar kom n dag wanneer Vader Jahweh weer al twaalf stamme gaan saamvoeg onder n nuwe naam, miskien word ons dan die "Kinders van die Huis van Jahweh"

**'n Paar los gedagtes om aan te kou:**

Staan op en aanvaar Jahweh se Seën en jy sal Haar ontvang.

MattithJaHûw 2:18 [18] 'n Stem word gehoor in Rama, geklaag, bitter geween; **Ragel ween oor haar kinders**; sy weier om getroos te word oor haar kinders, omdat hulle daar nie is nie. [JirmeJaH 31:15] (omdat Benjamin onkundig is?).

Ek wil huil van Trots ek wil Juig van Vreugde.

Met hierdie inligting sal ons moet: voor begin en die Skrif herlees en herleer.

Asseblief my volk, neem Vader Jahweh se Las op! sy Seëninge is onbeskryflik groot.

Is daar darem **een** wat my verstaan, wat my nie wil afslag nie? My laaste woord: **ek en my huis, staan onder 5 Verbonde**.